

In ons reeks oor die apostels, kyk ons vandag na ‘n bekende apostel, maar sekerlik die ongewildste apostel – Judas Iskariot.

Jesus het vir Judas geleenthede gegee, maar as gevolg van herhaarldelike slegte keuses en swak besluite, onderhandelings met die Satan, eerder as met die Here, het sy lewenspaadjie op ‘n baie slegte plek uitgeloop.  Ons praat vandag oor keuses, geleenthede, goeie en slegte onderhandelings.

Maak **Matteus 26** oop en kyk na die volgende teksgedeeltes wat ons meer oor Judas se besluite inlig.

# MATTEUS 26: 3-5; 14-16

In daardie tyd het die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk bymekaargekom in die woning van Kajafas, die hoëpriester. Hulle het daar saam planne gemaak om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak. Hulle het egter gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie oproer onder die volk kom nie.”

**Toe het een van die twaalf dissipels, die een wat Judas Iskariot genoem is, na die priesterhoofde toe gegaan en gesê: “Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?” Hulle het hom toe dertig silwermuntstukke betaal. Van toe af was hy op die uitkyk na 'n geskikte geleentheid om Jesus te verraai.**

# MATTEUS 26: 20-25

Toe dit aand geword het, het Jesus sy plek aan die tafel ingeneem saam met die twaalf. Terwyl hulle eet, sê Hy: “Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraai.” Hulle was baie onthuts en een na die ander het Hom begin vra: “Dit is tog nie ek nie, Here?” Hy antwoord toe: “Die een wat saam met My sy brood in die skottel insteek, dit is hy wat My sal verraai. **Die Seun van die mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor Hom geskrywe staan; maar wee die man deur wie die Seun van die mens verraai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie.”** Toe sê Judas, sy verraaier: “Is dit miskien ek, Rabbi?” Jesus antwoord: “Dit is soos jy sê!”



# MATTEUS 26: 47-56

Op daardie oomblik, terwyl Jesus nog praat, kom Judas, een van die twaalf, daar aan, en saam met hom was 'n groot klomp mense met swaarde en stokke. Hulle is deur die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk gestuur. Die verraaier het met die manne 'n teken afgespreek. Hy het gesê: “Die een wat ek soen, dit is hy. Gryp hom!” Hy het reguit na Jesus toe gegaan en gesê: “Goeiemôre, Rabbi,” en Hom gesoen. **Maar Jesus sê vir hom: “Vriend, doen wat jy gekom het om te doen!”** Toe kom hulle vorentoe, gryp vir Jesus en neem Hom gevange. Een van dié wat saam met Jesus was, gryp toe sy swaard en trek dit uit. Hy slaan na die slaaf van die hoëpriester en kap sy oor af.



Dag vir dag het Ek in die tempel gesit en die mense geleer, en julle het My nie gevange geneem nie. Maar dit alles het gebeur sodat die geskrifte van die profete vervul kan word.” Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop. '



*Wat lei jy af uit Judas se gedrag? Wat dink jy het in sy gedagtes aangegaan?*

*Hoe sal jy Jesus se gedrag en aksies teenoor Judas beskryf?*

Alhoewel Jesus in elk geval gevange geneem sou word deur die skrifgeleerdes en dit deel van die plan van God was, het Judas self besluit om dit vooruit te loop en sy eie planne te beraam.

Ons sien dat God voorafbepaalde planne het... maar ook vir ons vrye wil gee. Die twee loop nie afsonderlik van mekaar nie, maar hand-aan-hand. God se plan gebeur DEUR ons daaglikse keuses. *Hoe verstaan jy dit?*


JESUS KIES

Uit Judas se storie sien ons weer dat Jesus die eerste keuse/ besluit maak.

- **Hy kies** vir Judas persoonlik (soos die ander dissipels ook. Judas is die enigste dissipel uit Judea en die ander uit Galilea) (Johannes 13:18-20)
- Hy het vir Judas **liefgehad tot die dood** toe (soos die ander dissipels ook) (Johannes 13:1-3)
- Hy gee vir Judas **menigte geleenthede** om te berou, te stop, om te draai, terug te keer

Jesus maak die deur oop vir ons om in te gaan.  Hy roep jou by die naam!

Jesus is verraai deur Petrus, Judas en menigte mense aan die kruis..., maar Hy het vasgestaan, nie ingegee en opgegee nie, Hy was tot die dood toe gehoorsaam.  Hy het gekies om te bly vir elkeen van ons.

*Het jy al ooit gevoel asof jy wil opgee op ‘n verbintenis wat jy gemaak het?  Het al ooit gevoel jy wil ingee of wegloop of wegkruip of wens die aarde kon jou insluk?*

Jesus het bly staan – die laaste man staande... En Judas die eerste man uit.

Lees **Romeine 8:28-39**

# ROMEINE 8:28-39

'Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik. Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.



Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe: “Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.” Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.'



*Wat sê hierdie gedeelte oor God se voorafbepaalde planne en doelwitte?*

*Wat sê hierdie gedeelte oor God se liefde vir ons?*

God het ‘n bepaalde plan, ‘n goeie plan, vir die wat Hy roep. Geen omstandigheid kan ons skei van Sy liefde nie, niks wat jy doen kan jou skei van Sy liefde nie – Hy is tot die dood lief vir jou.

*As ons dan weet wat God se plan is vir ons lewe, sal ons nie beter keuses maak wat daarby aanlas nie? Sal ons dan nie eerder deur daardie deur wil stap as om ons eie deure oop te maak nie?*

Lees **Matteus 27:3-9**. Judas was dalk te skaam, spyt, skuldig om terug te draai, maar dit was juis ‘n geleentheid om terug te keer eerder as om weg te loop.

Dalk voel jy skuldig, skaam, spyt oor iets wat jy al gedink of gedoen het. *Het jy al die geleentheid gekry om reg te maak? Wat het jy met daardie geleentheid gedoen?*

Jesus roep jou by die naam, Hy weet wie jy is en wat jy gedoen het of wat jy gaan doen, maar Hy is steeds lief vir jou en het ‘n plan met jou!

# MATTEUS 27

**'Toe Judas, die verraaier, sien dat Jesus tot die dood veroordeel is, het hy spyt gekry. Hy het die dertig silwermuntstukke teruggebring na die priesterhoofde en die familiehoofde toe en vir hulle gesê: “Ek het gesondig. Ek het 'n onskuldige man verraai.”** Maar hulle antwoord: “Wat het ons daarmee te doen? Dit is jou saak!” Judas het toe die geld in die tempel in gegooi, weggeloop en homself gaan ophang. Die priesterhoofde het die geld opgetel en gesê: “Dit is nie geoorloof om dit in die tempelfonds te stort nie, want dit is bloedgeld.” Hulle besluit toe om daarmee die grond van die pottebakker te koop as 'n begraafplaas vir vreemdelinge. Daardie stuk grond word tot vandag toe nog Bloedgrond genoem. Toe is die woord vervul wat die Here deur die profeet Jeremia gesê het: “En hulle het die dertig silwermuntstukke geneem, dit is die prys wat die Israeliete ooreengekom het om vir hom te betaal, en hulle het dit uitbetaal vir die grond van die pottebakker. So het die Here dit aan my opgedra.” '






# JY MOET (BETER) KIES

Ware vryheid kom wanneer ons binne God se plan ons vrye wil toepas.  Ons moet eenvoudig beter keuses en beter besluite maak.

As jy weet wat God se plan is en waarop dit gaan uitloop, hoekom sal jy dan probeer onderhandel vir ‘n kortpad of alternatiewe roete?

*Watter slegte besluite het jy al in jou lewe gemaak?*
*Watter goeie keuses het jy al gemaak?*
*Waarop basseer jy jou besluite wat jy maak?  Wie vra jy vir hulp?*

**Lees Spreuke 16:1-3, 9**




“'n Mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord daaroor kom van die Here af. In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here ondersoek die gesindheid. Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk. 'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.”

**SPREUKE 16:1-3,9**

**Hoe kan jy beter besluite maak?**


1. <u>Stel doelwitte wat inpas by God se doelwit</u>. Wees intensioneel, doelbewus, pro-aktief, spesifiek.
2. <u>Slaan ‘n paar tentpenne vas</u> – dinge wat nie-onderhandelbaar is nie. Jy gaan nie eens luister of die deur oopmaak vir iets vreemd of buite jou raamwerk nie.
3. <u>Wat sou Jesus doen in jou situasie?</u> En voor jy dit antwoord, wat HET Jesus reeds gedoen vir jou aan die kruis?
4. Met moeilike besluite, <u>is dit nie beter om dit vir God te gee wat die beste besluite maak</u> en die pad vorentoe ken nie?


NOT
NEGOTIABLE

**Vertel vir mekaar watter moeilike besluite jy al moes gemaak het in jou lewe.**

**Het jy jouself al ooit in ‘n baie moeilike situasie bevind waar jy “nee” moes sê of geweet het dis nie die regte ding nie en moes wegstap?**

Dalk het jy reeds ‘n klein deur in jou lewe oopgemaak vir iets wat nie reg is nie.  Die Here gee vir jou weer eens daardie geleentheid om terug te kom.  Sy deur staan altyd oop – gryp die geleentheid voor dit te laat is!


WSJD
WAT SOU JESUS DOEN



# GEBED

## FILIPPENSE 4:6

